

# Inspeksiedienste: Bedryf benodig duidelikheid

Die moontlike instel van inspeksiedienste oor alle landboubedrywe heen – 'n funksie wat die vrye mark ná die deregulering van beheerrade oorgeneem het – kort 'n deeglike sakeplan voor die bedryf makliker daaraan gaan sluk.

Die departement van landbou wil inspeksiedienste oor álle landboubedrywe heen instel. Die bedryf beskou dit as 'n groot ingryping, veral omdat die departement voortgaan met die instel van inspeksiedienste vir die graan-en-oliesadewaardeketting, soos waarvoor daar in die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet 119 van 1990) voorsiening gemaak word.

Dié wet gee die minister van landbou 'n mandaat om inspeksiedienste in te stel of 'n gevolmagtigde aan te stel. Sover vasgestel kon word, het geen belanghebbende die staat versoek om inspeksiedienste in te stel nie. Agbiz Grain doen 'n beroep op die departement om enige versoeke wat ontvang is, openbaar te maak en seker te maak die bykomende koste van 'n inspeksiediens kan geregverdig word.

Die gevestigde gevolmagtigde-forum, wat deur die departement geadministreer word, beveel aan dat die benadering waarvolgens inspeksiedienste ingestel word, gestandaardiseer word voordat nuwe inspeksiedienste ingestel word.

Ondanks versoeke van die graan-en-oliesadebedryf om eers 'n standaardbedryfsprosedure (SOP) tussen die bedryf en die departement in te stel, wat die grondslag sou vorm vir 'n diensvlakooreenkoms tussen die departement en die aangestelde gevolmagtigde, het die departement onder die vorige regering deurlopend openbare konsultasies tussen die bedryf en die gevolmagtigde toegelaat sonder om aan dié versoek gehoor te gee.

Die voordele en koste van die instel van duur inspeksiedienste moet ontleed word, en goedkoper alternatiewe, soos selfreguleringsoudits, moet ook oorweeg word. Op grond van dié bevindinge kan die departement dan aanbevelings maak oor of 'n inspeksiediens geregverdig is.

Die departement se huidige benadering om die proses aan die gevolmagtigde oor te laat, skep spanning en wantroue.

## Geen SOP gereed nie

Die bedryf en departement moes op 'n SOP ooreengekom het voordat Leaf Services, wat as gevolgemagtigde aangestel is, destyds sy tariewe gepubliseer het. Die huidige konsep-SOP van 2023 is egter nog nie afgehandel nie.

Parameters wat in die SOP uiteengesit word, moet die diensvlakooreenkoms (nog nie afgehandel nie), sakeplan en uiteindelik die inspeksietariewe bepaal. Dit is onregverdig om terugvoer van die bedryf te verwag sonder 'n finale SOP, aangesien dit onnodige tyd en finansiële hulpbronne in beslag neem.

Hoewel die gevolmagtigde onderneem het om 'n SOP op te stel, stem Agbiz Grain nie saam dat konsensus bereik is oor inspeksiefrekwensie en -tariewe nie. Agbiz Grain het versoek dat die uitvoerende beampte die bedryf verseker dat inspeksietariewe nie gepubliseer sal word voordat die uitvoerende beampte dit goedgekeur het en 'n finale SOP, wat saam met die departement ontwikkel is, gereed is nie.

Sonder 'n SOP vir onverwerkte graan verwerp Agbiz Grain enige eensydig ontwikkelde SOP deur die gevolmagtigde.

## Meningsverskille

Volgens Agbiz Grain bepaal die wet dat 'n produk nie verkoop kan word tensy dit geklassifiseer en gegradeer is nie. Die wet vereis nié dat die klasserings- en graderingsfunksies wat diensverskaffers (opbergers) uitvoer, geïnspekteer sal word nie.

Volgens die gevolmagtigde sluit sy verantwoordelikheid ook die inspeksies van byvoorbeeld toerusting wat met die kalibrering van weegbrûe te doen het in. Laasgenoemde is iets wat egter nie rasioneel aan die geklassifiseerde en gegradeerde produk gekoppel kan word nie.

Volgens Leaf Services sal graaninspeksies hoofsaaklik by graaninnamepunte uitgevoer word, naamlik by silo's en by meulens waar onverwerkte graan direk van produsente aangekoop word.

Monsters sal by inname- en uitlaaipunte by silo's geneem word, asook die innamepunt by meulens.

Volgens Agbiz Grain bepaal die wet dat inspeksies vóór die verkoop van die produk moet plaasvind. Die inspeksies sal dus grootliks by innamepunte van opbergingstrukture wees en nie nadat dit reeds verkoop is nie.

Indien Leaf Services voortgaan om 'n risiko-ontleding van die eienaars van die produk te doen, moet dit gegrond wees op die produk en nie op die diens wat die opberger lewer nie.

## Aanspreeklikheid

Volgens Leaf Services behoort inspeksiefrekwensies by produkeienaars toe te neem as die produk van die eienaar nie aan die vereistes van die wet voldoen nie.

Agbiz Grain glo dit is regverdig om te verwag dat die sakeplan, inspeksiemetodologie en inspeksietariewe die aanspreeklikheid van die eienaar van die produk in ag neem. Andersins gaan dit onmoontlik wees om die uiteindelike inspeksietarief rasioneel aan die eienaar van die produk en die inspeksie se ligging te koppel voordat die produk verkoop word. Dit is wat die wet vereis.

Voor dan moet die departement egter die gevolmagtigde-forum toelaat om sy werk te doen. Die gevolmagtigde se sakeplan, inspeksiemetodologie en -tariewe moet gegrond wees op 'n duidelike diensvlakooreenkoms tussen die departement en die gevolmagtigde, wat op sy beurt gegrond moet wees op 'n SOP tussen die departement en die bedryf. LBW

*Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.*